# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 350 · 23 AUGUSTUS 2024**


Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

# BEKENDSTELLING VAN DIE FRAMESBY MANIER VAN DOEN




# JEMIMA EINDIG VIERDE IN SA

Jemima Oosthuizen het op 13 Augustus aan die ATKV-redenaarskompetisie se landsfinaal in Bela-Bela deelgeneem en haar só goed van haar taak gekwyt dat sy die vierde plek (nasionaal) behaal het.

Wat dié prestasie nog meer besonders maak is die feit dat Jemima nou eers in Gr. 8 is en in die kategorie Gr. 8-9 Huistaal Onvoorbereid deelgeneem het.

Sy het teen 25 van die land se ander voorste sprekers in dié kategorie deelgeneem.



**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

# DIE FRAMESBY MANIER VAN DOEN

Hoërskool Framesby

# Leerders

## LEERDERS TEENOOR PERSONEEL

- Ons respekteer ons onderwysers.
- Ons staan op en groet as personeel verbyloop.
- Ons doen elke dag ons huiswerk. Ons voltooi alle opdragte.
- Ons léér vir klastoetse en eksamens.
- Ons ontwrig geen klasse nie.
- Ons het geen selfone in die klas sigbaar nie.
- Ons wag by die deur dat 'n onderwyser eerste ingaan.
- Ons praat nie onderlangs terwyl ons onderwyser klasgee nie.
- Ons praat nie teë nie.
- Indien 'n onderwyser by ons klas inkom, staan ons op en groet die onderwyser.

## LEERDERS TEENOOR LEERDERS

- Ons gee vir mekaar om.
- Ons staan as 'n skool saam.
- Ons gebruik beskaafde taal; ons vloek nie.
- Ons duld geen vandalisme en boeliegedrag nie.
- Ons ondersteun mekaar tydens sport- en kultuurgeleenthede.
- Op die sportveld tree ons beleefd en in goeie gees teenoor ons teenstanders op - ongeag of ons wen of verloor.
- Ons neem geen video's/foto's wat die skool in 'n negatiewe lig kan plaas nie.
- Ons plaas geen negatiewe foto's/video's op sosiale media nie.

## LEERDERS TEENOOR OUERS

- Ons respekteer ons ouers.
- Ons staan op en groet ouers as hulle verbyloop.
- Ons gebruik beskaafde taal; ons vloek nie.
- Ons respekteer ons ouers se besluite oor ons opvoeding.
- Ons toon respek teenoor almal - veral teenoor ouer mense.

## ALGEMEEN

- Ons voorkoms is van uiterste belang:
  1) ons hare is altyd netjies
  2) ons skoolklere is altyd netjies (bv. steek jou hemp in).
- Ons is 'n spieëlbeeld van ons ouerhuis.
- Ons respekteer skooleiendom.
- Ons is betrokke leerders op akademiese, sport- en kultuurgebied.
- Indien ons skoolklere dra, bly ons ambassadeurs van Framesby.

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**VERANTWOORDELIKHEID OMGEE BURGERSKAP RESPEK REGVERDIGHEID VERDRAAGSAAMHEID BETROUBAARHEID**

*Dis lekker om 'n Framesby te is*

# DIE FRAMESBY MANIER VAN DOEN

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

## *Ouers*

### OUERS TEENOOR PERSONEEL

- Ons respekteer ons opvoeders en afrigters.
- Ons praat nie agter ons opvoeders en afrigters se rug nie.
- Indien ons 'n probleem het, kom ons dadelik in kontak met die opvoeder of afrigter.
- Ons woon oueraande by wanneer ons genooi word.
- Ons aanvaar ons afrigters se besluite rondom spankeuses m.b.t. ons spelers/leerders.

### OUERS TEENOOR LEERDERS

- Ons is nie ons kind se vriend/vriendin nie.
- Ons vervul ons rol as ouer.
- Ons voed ons kinders volgens Christelike beginsels op.
- Ons gaan gereeld ons kind se akademiese werk na.
- Ons skreeu nie op ons kinders op/langs die sportveld nie.
- Ons ondersteun, motiveer en bid vir ons leerders.

### OUERS TEENOOR OUERS

- Ons respekteer mekaar as ouers.
- Ons staan saam en motiveer ons leerders.
- Ons sweep mekaar nie op teen personeel op privaat whatsapp groepe nie.
- Indien ons 'n probleem het, kom ons dadelik met die skool in kontak.




### ALGEMEEN

- Wanneer ons 'n probleem het, kontak ons die skool - ons maak nie van sosiale media gebruik om ons opinie te lug nie.

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**VERANTWOORDELIKHEID OMGEE BURGERSKAP RESPEK REGVERDIGHEID VERDRAAGSAAMHEID BETROUBAARHEID**

# DIE FRAMESBY MANIER VAN DOEN

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

## *Personeel*

### PERSONEEL TEENOOR PERSONEEL

- Ons hanteer mekaar professioneel.
- Ons voer opdragte van senior personeel sonder teenkanting en met passie uit.
- Ons stel lojaliteit bo alles.
- Ons is dankbaar vir die skool waarin ons onderrig kan gee.
- Integriteit is van uiterste belang.
- Ons werk as 'n span saam.
- Ons respekteer mekaar.

### PERSONEEL TEENOOR LEERDERS

- Ons gee om vir elke leerder.
- Ons is goed voorbereid vir elke klas; ons lees nie uit handboeke nie.
- Ons is te alle tye 'n voorbeeld vir ons leerders in ons optrede binne en buite die skool.
- Ons onderrig met passie.
- Ons benut die volle periode om te onderrig/fasiliteer.
- Ons is trots Framesby.
- Ons staan en gee klas.
- Ons is stiptelik by ons klasse.
- Ons werk met die kroon van ons Skepper.
- Ons gee nooit moed op nie.
- Ons lag saam met die leerders.
- Ons skree nie op ons leerders nie.
- Ons ondersteun leerders op die volgende terreine:
  1) sport
  2) kultuur
  3) akademie
  4) leierskap
- Ons behandel alle leerders met menswaardigheid.
- Ons groet leerders wat staan om ons te groet.
- Ons verduidelik die werk weer en weer as leerders ons vra.

### PERSONEEL TEENOOR OUERS

- Ons sien die opvoeding van ons leerders as 'n vennootskap tusssen onderwyser, ouer, leerder en die departement.
- Ons respekteer ons ouers.
- Ons lig ons ouers oor leerders se vordering in.
- Ons lig ons ouers in wanneer leerders oortree.

VERANTWOORDELIKHEID OMGEE BURGERSKAP RESPEK REGVERDIGHEID VERDRAAGSAAMHEID BETROUBAARHEID

# BUITESPORT

Tian Diedericks, graad 11, het die naweek (17/18 Aug) aan OP-Padkampioenskappe in Oos-Londen deelgeneem. Hy behaal 'n 2de plek in die 126km pad wedren en 'n 3de plek in die Crit 30km.



# GHOLFVERSLAG 2024

Ons gholfspelers het 'n besige en suksesvolle jaar die blad. Ons het toere gehad na Katberg, Port Alfred, Fynbos en die hoogtepunt van die jaar was die Kaapse Skole-toernooi wat in Knysna en Plettenbergbaai gehou is. Ons was uiters kompeterend in al die toernooie en sien uit na volgende jaar se toernooi wat in Mosselbaai gespeel sal word. Ons het ook aan 5 interskole deelgeneem. Goeie oorwinnings is behaal oor Drostdy, Oakdale, Marlow en Nico Malan. Grey was ongelukkig te sterk vir ons. Framesby is nou goed gevestig as een van die beste gholfspanne in die Oos-Kaap.

14 spelers het op 'n gereelde basis ligawedstryde gespeel. Aan die einde van die jaar verloor ons net 3 matrieks - so ons verwag om weer uiters kompeterend in 2025 te wees. Na verwagting is daar heelwat junior gholfspelers oppad na Framesby. So, ons sien uit om die diepte van ons gholfspanne nog verder te versterk.

Ons uitstaande gholfspeler van die jaar was Jeandré Hattingh. As kaptein het hy altyd met sy goeie voorbeeld gelei. Hy het die OP Skolespanne in verskeie toernooie verteenwoordig. Ons ander matrieks, Ruan Oosthuizen was baie konstant en het die meeste van sy wedstyde as no 3 speler gewen. Carla van Jaarsveld was baie naby, indien nie díe beste dogterspeler in die OP nie. Hierdie drie matrieks sal verseker gemis word! Die junior gholfspelers het groot skoene om te vul, maar ons het vertroue dat hulle as gholfsplers sal groei. Dit was vir my en mev de Jager 'n voorreg om die afgelope jaar by hierdie spelers betrokke te kon wees.

# BUITESPORT

Dylan Grobler, Graad 10, het Saterdag, 17 Augustus aan die 5de rondte van die AMCS streek- en klubkampioenskappe by Aldo Scribante renbaan deelgeneem. Hy het in die Junior CBR 150cc & SSP 300cc motorfiets klasse deelgeneem. Hy het 'n 4de plek in die CBR 150cc junior klas verower en ń 1ste plek in die SSP 300cc klas. Hy is tans die voorloper in beide klasse vir die 2024-kampioenskap. Ons is baie trots op hom en wens hom sterkte toe vir die res van die seisoen.






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FILANTROPE

12 Filantrope het Vrydag, 16 Augustus by tannie Jeanny se sopkombuis in Malabar gaan help. Gesigverf en speel was soos altyd 'n hoogtepunt, maar 'n groep van +- 300 mense het opgedaag. Die kinders het dit geniet om te help inskep, geselsies aan te knoop en uit te help waar daar hulp nodig was. Tannie Jeanny se sopkombuis bestaan nou al vir 25 jaar en haar hart is om die Woord te deel met kinders wat opdaag vir iets te ete. Daar word altyd gesing en saam gebid. Bid gerus vir tannie Jeanny en die werk wat sy doen vir die gemeenskap van Malabar en vir God om hulle te bewaar in omstandighede wat soms moeilik is.





# NETBAL 0.15 SA-SKOLE

## *uitslae*











### Framesby o.15

| | |
|---|---|
| vs PHS | 10-12 VERLOOR |
| vs PAARL GIMNASIUM | 7-16 VERLOOR |
| vs LOALANE | 22-8 WEN |
| vs BOKAMOSA | 17-5 WEN |
| vs SENTRAAL | 9-15 VERLOOR |
| vs NAMAKWALAND | 24-10 WEN |
| vs MZILIKAZIE | 28-7 WEN |
| vs SECUNDA | 8-9 VERLOOR |

**Wen 4 uit 8 poelwedstryde om 5de in poel te eindig en dring nie deur na TOP 8 nie.**

**36 skole in totaal het deelgeneem.**

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# BUITESPORT

Ben Bekker, Graad 8, het sy blou belt in Judo verwerf. Baie geluk!



# GHOLF UITSLAE - FYNBOS

A-afdeling:
Na eerste dag beklee ons 3de posisie, maar sukkel ongelukking op dag 2 en val terug in 4de plek. Jeandr Hattingh was ons speler van die toernooi.

B-afdeling:
Ons eindig 3de na Grey jnr en Nico Malan. Al ons spelers het goed bygedra tot 'n uiters kompeterende telling. Ons is trots op al ons spelers wat deurentyd goeie sportmangees en integriteit geopenbaar het.

# O.17 Sewes - Grey-PE-Toernooi

Framesby 39-12 Daniel Pienaar WEN
Framesby 25-5 Andrew Rabie WEN
Framesby 21-17 Port Rex WEN
Framesby 17-12 Grey PE VERLOOR
Framesby 21-19 Nico Malan WEN

Eindig algeheel in die 3de plek.






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) MORELE KOMPAS

Ek wil begin om ouers te bedank wat toesien dat hulle kinders die korrekte waardes uitleef. Ouers wat toesien dat leerders opgevoed word in die Christelike waardes, toesien dat hulle in die kerk kom en 'n besonderse verhouding met hulle kinders het. Daar waar ouers nog ma en pa is en nie hul kinders se vriend/vriendin nie. Daar waar die kompas nog die ware noord aandui. Hou aan hiermee, want julle sal die vrugte hiervan pluk.

Dit is kommerwekkend om die groot morele verval in ons samelewing te sien. Daar waar ouers geen beheer het nie, en hul kinders net doen wat hulle wil. Dit wil vir ons al hoe meer lyk dat die samelewing alles as korrek aanvaar en niks meer as verkeerd gesien word nie. Alles is reg en aanvaarbaar. Ouers, ons kry dit al hoe meer in die skool. Dit dui veral daarop dat ouers hul plig versuim om die nodige waardes en dissipline by hul kinders te vestig. Ouers, die skool is nie die plek waar leerders waardes geleer moet word nie. Ons is slegs 'n verlengstuk van die ouerhuis. U as ouers is verantwoordelik om u kind op te voed. Hierdie verantwoordelikheid kan nie op die skool afgeskuif word nie.

Ouers moet ophou om skole te blameer wanneer hul kinders die verkeerde dinge doen. Natuurlik word skole se name eerste genoem wanneer leerders die wet oortree. Ek voel skole se name moet nie hieraan gekoppel word nie, maar ouers se huis adresse moet. Ouers moet die verantwoordelikheid hiervoor dra.

Ouers, ek rig 'n dringende versoek dat u met u leerder sal praat oor waardes en dissipline. Hulle is 'n verlengstuk van die huis. Ons ervaar veral op die volgende gebiede uitdagings:

- Vaping
- Boeliegedrag
- Fisiese gevegte tussen leerders
- Verkeerde gebruik van sosiale media
- Gedrag in kosblik van leerders

Hiermee moet u asseblief ons hande vat. Hou op om die gehoorsame ouer te wees. Pas die reëls toe en laat u kind na u opkyk as 'n voorbeeld.

B) FRAMESBY MANIER VAN DOEN

Ons as skool besef al hoe meer dat 'n waardesisteem in ons samelewing eintlik nie meer geld nie. Daarom het ons die FRAMESBY MANIER VAN DOEN ontwikkel. Hierin gee ons duidelik riglyne oor die waardes waarna ons streef en hoe die optrede in die Framesby-familie behoort te wees. Hierdie inligting sal in elke klas aangebring word en ook op die terrein. Die FRAMESBY MANIER VAN DOEN is in die fakkelflits geplaas. Mag elkeen in die Framesby-familie dit hul eie maak.

C) TOETSREEKS

Die besluit is geneem dat alle toetse in die toestreekse vir 2025 in die oggend afgehandel sal word.

Daar is egter nou 'n tendens dat leerders mediese sertifikate indien en dan in die middag die toets kom skryf. Ouers, die sisteem vir vanjaar is egter anders en dit stuur nie die regte boodskap uit nie. Hou asseblief by die skool se reëlings vir vanjaar.

D) WOLKSKOOL

Die gebruik hiervan word sterk aangemoedig. Ouers, hierdie is 'n platform wat u leerder moet gebruik. Die terugvoering wat ons ontvang het, is as volg:

GETAL AKTIEWE LEERDERS – 640
% AKTIEWE LEERDERPROFIELE – 52%
TOTALE GETAL LESSE VOLTOOI VIR DIE MAAND - 9530

SUKSESVOLLE LEERDERS WEET IETS WAT DIE ONSUKSESVOLLE LEERDERS NIE WEET NIE.

E) SEPTEMBER/NOVEMBER-EKSAMENROOSTER GRAAD 12

Aangeheg die roosters vir ons graad 12-leerders.

F) TOETSREEKS

27 AUGUSTUS 2024
DAG 2
Toetsreeks:

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

13:30-14:10
Gr. 8 Digitale Tegnologie
13:30-14:30
Gr. 9 EBW [GEC]
13:30-15:00
Gr. 10 Engels HL & FAL
13:30-14:45
Gr. 11 Wisk
13:30-14:30
Wisk G

28 AUGUSTUS 2024
DAG 3
Toetsreeks:
13:30-14:30
Gr. 9 GEC
13:30-14:30
Gr. 10 RTT
13:30-14:45
Gr. 11 Inligtingstegnologie

29 AUGUSTUS 2024
DAG 4
Toetsreeks:
13:30-14:30
Gr. 8 Afrikaans
13:30-14:10
Gr. 9 Lewenswetenskappe
13:30-15:30
Gr. 10 Fisiese Wetenskappe
13:30-15:00
Gr. 11 Besigheidstudies

G) KWARTAALPROGRAM
Aangeheg die derde kwartaal se kwartaalprogram. U moet nou let op die kwartaalprogram as gevolg van veranderings buite ons beheer.

H) ASSESSERINGSDATUMS VIR KWARTAAL 3
Aangeheg assesseringsdatums vir kwartaal 3. SGA-take moet deur die leerders self tuis of in die klas afgehandel word - die dokument is apart aan die nuusbrief aangeheg. Al hierdie take is verpligtend en moet deur afwesige leerders ingehaal word.

I) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

J) VAKKEUSES GRAAD 9-LEERDERS
Vakkeusevorms moet teen 6 September 2024 ingehandig word.

K) VERANDERING VAN BANK
Ons bankbesonderhede het vanaf April 2024 verander. Gebruik die Standard Bank-rekening vir alle betalings. Die Eerste Nasionale Bank-rekening word binnekort gesluit. Gebruik die Standard Bank-rekening en nie Eerste Nasionale Bank nie. Ons vra u samewerking in hierdie verband.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



# ONS HET NUWE BANKBESONDERHEDE

Standard Bank is nou die hoofbankier vir
**HOËRSKOOL FRAMESBY.**

Ouers, leerders, diensverskaffers, lede van die publiek en Verskeie belanghebbendes word dus ingelig oor die **HOËRSKOOL FRAMESBY** se nuwe bankvennoot.

## Bankbesonderhede

Naam van Bank:
**Standard Bank**
Rekeningnaam:
**Framesby High School**
Rekeningtipe:
**Besigheidstjekrekening**

Rekening nommer:
**080344887**
Tak:
**Port Elizabeth**
Takkode:
**050017**

Verwysing: **Unieke verwysingsnommer**

---

Alle belanghebbendes word aangemoedig **om die nuwe bankbesonderhede van nou af te gebruik.**

# BUITESPORT - PERDRY:

Baie geluk aan die volgende leerders wat vir die 2024 SAWMGA Oos-Kaap spanne gekies is:

- Kristi Ferreira (Junior 0 Team)
- Zandri Stumke (Junior Team 2)
- Chanel Haasbroek (Children 1 Team)







# KRIT VS VIS (INTERHUIS)

Hokkie:

| Span | Krit | **Vis** | W/V/G |
|---|---|---|---|
| Seuns | 5 | 4 | Krit Wen |
| Dogters | 7 | 2 | Krit Wen |



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITESPORT

LJ Campher in Graad 8 is verkies om die OP-gimnastiekspan by die Gym Games in Kaapstad vanaf 23-27 September 2024 te verteenwoordig.

Hy gaan deelneem aan :

- Trampoline – level 7   13-14 jaar
- Double mini -level 8   13-14 jaar.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7


Hoërskool Framesby bied aan
FRAMESBY
HET TALENT
R50
31 AUGUST 2024
18:30 VIR 19:00
IN DIE SKOOLSAAL
KAARTJIES BESKIKBAAR BY DIE ALGEMENE KANTOOR

# ONS GESELS MET: MARIETTE GELDENHUYS





Ek het in die jaar 2000 gematrikuleer – die "Y2K" era.

'n Mens se hoërskooljare is vol unieke en spesiale herinneringe wat verskil van persoon tot persoon.
Ek onthou nog daardie laaste saalbyeenkoms van my matriekjaar soos gister en die liedjie wat gespeel het toe die matrieks vir die laaste keer voor die eindeksamen uit die saal uit stap. Teen die tyd wat die koorgedeelte begin speel het, tjank ek soos 'n baba en net daar het die ewige gemis na my hoërskooljare begin.

Ek mis:
• Biologie by Mnr Lange wanneer iemand "per ongeluk" in die stoorkamer toegesluit word waar die lewensgrootte menslike skelet woon.
• Slap chips en donuts pouses by die snoepie – daardie jare was daar nie so 'n grênd gebou soos Die Kosblik nie.
• Briefies skryf en aanstuur vir jou pelle tydens daai lang gesit deur die prysuitdelings.
• Die opwinding van skooluitstappies en kampe – die Matriekstap was nogal 'n hoogtepunt.
• Die afwagting Saterdae voor die eerstespan op die veld uitdraf – as jy gelukkig was, het jy 'n kêrel iewers in daardie vyftiental gehad.
• Sokkies! Daardie jaar toe die fliek Titanic uitgekom het, was daar net daardie een liedjie waarvoor almal gewag het om daai spesiale iemand te vra om ,soos ons dit genoem het, te "shuffle".

Ek mis die sorgvryheid van my Framesby-jare want dit wàs tog te lekker om 'n Framesby te is.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Management: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Op skool het ek nie enige roem op sportgebied verwerf nie  maar wel darem 'n paar akademiese prestasies behaal. Ek het probeer deelneem aan soveel aktiwiteite as moontlik - al het ek nie juis uitstaande talent gehad nie. Ek probeer vandag ook vir my kinders leer dat 'n mens nie 'n superster hoef te wees om deel te neem nie en dat 'n mens soveel meer uit deelname leer soos kameraadskap en die trots om jou skool te kan verteenwoordig. Baie van die vriendskappe wat ek gedurende my hoërskooljare gevorm het, is steeds sterk en is iets wat ek met dankbaarheid koester.

Na skool het ek sielkunde gaan swot by die destydse UPE en  het toe my honneursgraad aan NMMU in 2004 verwerf. In 2005 besluit ek om my ma se rokspante uiteindelik bietjie te los en gaan werk toe in die Midde Ooste op 'n eiland so 45 minute se ry vanaf Saudi Arabië, genaamd Bahrain. Teen die tyd wat ek teruggekeer het in 2007 was ek 'n voorskoolse onderwyseres by 'n Internasionale skool in Bahrain.

Ek en my man, Douw, is in 2014 getroud en verwelkom in 2016 ons eerste dogter Monja. Ons jongste , Lienke, maak in 2019 haar verskyning en nou is ons gesinnetjie voltallig. Kyk, om meisiekinders groot te maak, is geen grap nie en 'n mens bly maar redelik baie op jou knieë   Monja is tans in Graad 2 in Sunridge Primêr en ons hoop dat haar sussie by haar sal aansluit in 2026. Om hulle mamma te wees, is seker die grootste voorreg en prestasie wat ek kon behaal.

Ek is die afgelope tien jaar die Menslike Hulpbronbestuurder by Jendamark Automation. Alhoewel ek nooit 'n loopbaan in sielkunde gevolg het nie, voel ek tog dat ek myself in die regte beroep bevind . Dit is 'n redelik uitdagende beroep maar my passie was nog altyd sosiale wetenskap .   Ek is 'n mense-mens en het van nature 'n diensbare persoonlikheid. Ek ervaar gereeld struikelblokke, maar dit word maklik oorkom as 'n maatskappy die regte werkspraktyke volg.

Die voorreg om in 'n goeie hoërskool kwaliteit onderrig te ontvang; in 'n veilige en ondersteunende omgewing is van onskatbare waarde. Ek kan met oortuiging sê dat Framesby so 'n skool vir my was.









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## *Oudskolier*

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Keagan Tait *(matriek 2016)*
Ernst Stapelberg *(matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek 1999)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Johathan Gardiner *(matriek 2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
Konrad de Villiers *(matriek 2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
Anoniem *(matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek 2006)*
Marieta Kemp (matriek 1973)
Mariette Geldenhuys (matriek 2000)

## *Ouers, Oudouers / Beheerliggaam*

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Sonia Gunn (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Andrè Grundling (ouer)
Zanelda Grundling (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)


## *Personeel / Oudpersoneel*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van ‘n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan ‘n bydrae maak!

’n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar ‘n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer of sommer self iets wil skryf, kontak ons gerus : fos@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak. Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid. Ons almal kan doen met goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby 'n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.

Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257



# KOM HANG UIT BY 'DIE HANGER'

DIE HANGER

Ons is baie opgewonde om die Graad 8's van 2025 te ontmoet!

Die winkel staan reg om julle gereed te kry met julle Hoërskool Framesby-loopbaan! Kom 'hang' by Die Hanger en kom kyk watter oulike skoolitems ons vir julle het!

Ons tye is soos volg
Maandae - Donderdae 12:00 - 16:30
Vrydae 08:00 - 11:00

Ouers is meer as welkom om nou al klere te kom bestel, aankope te doen en reëlings te tref om die stormloop later die jaar te vermy!

Sien julle by Die Hanger

*Charnelle*

CHARNELLE 082 342 8113 - KATRIEN 072 407 0670
CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA

DIE HANGER

## AANDAG ALLE VOORNEMENDE GR.8-OUERS:

Ons is die volgende dae ook oop vir aankope:

Vanaf 09:00 - 12:00

- 24 Augustus 2024
- 31 Augustus 2024
- 14 September 2024
- 28 September 2024
- 5 Oktober 2024
- 19 Oktober 2024
- 26 Oktober 2024
- 2 November 2024
- 16 November 2024
- 30 November 2024
- 7 Desember 2024
- 14 Desember 2024
- 16 Desember 2024
- 17 Desember 2024

**CHARNELLE 082 342 8113**
**KATRIEN 072 407 0670**
**CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA**

DIE HANGER

# Kombers




**1m x 1.5m**
**R190**

DIE HANGER




## Koppies
## R60

## Tumblers
## R200








## 1.2L Tumbler
## R390


FRAMESBY HOKKIE
Akademie
GRAAD 4 - 7
Oktober & November 2024
Donderdae, 16:00-17:30
GRAAD 1 - 3
Oktober & November 2024
Dinsdae, 16:00-17:30
Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU
sluit aan by die vlam!
Bespreek jou plek by Jordan Drury - jdrury@framesby.co.za


Hoërskool Framesby
WOLKSKOOL DATA
640
GETAL AKTIEWE LEERDERS
% AKTIEWE LEERDERPROFIELE
52
32
GETAL AKTIEWE ONDERWYSERS
% AKTIEWE ONDERWYSERPROFIELE
48
TOTALE GETAL LESSE VOLTOOI VIR DIE MAAND
9530


2 PIECE SPECIAL
Two Baby Hake Fillets (Fried or Grilled) & Chips.
R96
SEAFOOD TAKE AWAY
FISHTALES